| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **BLADSYE** | 11 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek die volgende TWEE temas: **BESIGHEIDSOMGEWINGS** en **BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**.

   **AFDELING A**: **AL** die vrae in hierdie afdeling is VERPLIGTEND.
   **AFDELING B**: Bestaan uit DRIE vrae. Een vraag per tema en ’n gekombineerde vraag wat albei onderwerpe saamvat.
   **Beantwoord enige TWEE vrae.**
   **AFDELING C**: Bestaan uit TWEE vrae, een van elke tema.
   **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Antwoorde moet in volsinne wees, behalwe waar daar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| **AFDELING** | | **VRAE** | **PUNTE** | **TYD (minute)** |
|---|---|---|---|---|
| **A** | Meervoudige keuse, voltooi die stelling en pas items **VERPLIGTEND** | 1 | 30 | 30 |
| **B** | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **TWEE**. | 2–4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| **C** | Twee opsteltipe vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **EEN**. | 5–6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. ’n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

8. Gebruik slegs **BLOU** ink en skryf netjies en leesbaar.

# AFDELING A: (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.11 B.

1.1.1 Sam is geregtig op 6 weke betaalde … (-)verlof oor ’n tydperk van 36 maande volgens Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997).

A jaarlikse

B kraam

C siek

D gesinsverantwoordelikheids

1.1.2 Die werknemers van Pretty Parties lewer ’n wêreldklas diens aan hul kliënte. Hierdie is ’n voorbeeld van ’n … in die SSGB-analise.

A sterkpunt

B swakpunt

C geleentheid

D bedreiging

1.1.3 Bongi’s Biscuits is bedrywig in die … sektor aangesien sy spesialiseer in die bak van koekies en soet happies.

A primêre

B sekondêre

C formele

D tersiêre

1.1.4 Die … is volgens wet ’n voordeel beskikbaar aan alle werknemers wat terwyl hulle gewerk het daartoe bygedra het.

A behuisingstoelaag

B Gesondheidsversekeringsfonds

C voorsorgfonds

D Werkloosheidsversekeringsfonds

1.1.5 Die … funksie is verantwoordelik vir die bevordering en beskerming van die beeld van die besigheid.

A openbare betrekkinge

B bemarking

C algemene bestuur

D finansiële

1.1.6 Hierdie wet elimineer hindernisse wat ‘n nadelige impak op aangewese groepe mag hê.

A Wet op Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003)

B Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

C Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005)

D Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)

1.1.7 Sunbird Solar Solutions het Sunny Steelworks verkry om hul afhanklikheid van verskaffers te verminder. Hierdie besigheidstrategie staan bekend as ..

A horisontale integrasie.

B terugwaartse vertikale integrasie.

C markpenetrasie.

D voorwaartse vertikale integrasie.

1.1.8 ’n Geïntegreerde stelsel wat regdeur ’n organisasie toegepas word wat besighede in staat stel om hoë gehalte produkte en dienste aan hul kliënte te verskaf.

A Gehaltebestuur

B Gehalteversekering

C Totale gehaltebestuur

D Totale gehaltebeheer

1.1.9 Die … spreek die vaardigheidstekorte in die Suid-Afrikaanse werksplek aan.

A Menslikehulpbronontwikkelingstrategie

B Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie

C Wet op Vaardigheidsontwikkeling

D Wet op Billike Indiensneming

© SACAI KOPIEREG

1.1.10 'n Bevorderingspos van 'n huidige werknemer in die besigheid sal adverteer word op/in …

A 'n advertensiebord op die snelweg.

B die interne besigheidsnuusbrief.

C die plaaslike koerant.

D Sosiale media platforms. (10x2) (20)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| bedanking; administrasie; Nasionale Vaardigheidsowerheid; finansiële; WGI; sektorale onderwys-en-opleidingsowerhede; aftrede; gehaltebestuur; BBSEB; gehaltesirkels |

1.2.1 Die … bevorder die effektiewe bevordering en implementering van regstellende aksie.

1.2.2 Besighede dien hul werksplekvaardigheidsplanne en jaarlikse opleidingsverslae by die … in vir goedkeuring.

1.2.3 Die proses wat verseker dat besighede produkte en dienste produseer wat konstant van hoë gehalte is, staan bekend as ….

1.2.4 'n Dienskontrak word beëindig wanneer 'n werknemer 'n voorafbepaalde ouderdom vir … bereik.

1.2.5 Vinnige en betroubare datavaslegging en verwerkingstelsels is gehalte-aanwysers van die … funksie. (5x1) (5)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Wet op Verbruikersbeskerming | A | Die totale prestasie van elke afdeling gemeet teenoor gespesifiseerde standaarde |
| 1.3.2 | Makro-omgewing | B | Wys vertroue en het ’n positiewe houding |
| 1.3.3 | Eksterne werwing | C | Besighede het matige beheer oor die uitdagings wat in hierdie omgewing ontstaan |
| 1.3.4 | Onderhoudvoerder | D | Bevorder gesonde verhoudings tussen werkgewers en werknemers in die werksplek |
| 1.3.5 | Gehalteprestasie | E | Advertering van ’n vakature in die plaaslike koerant |
| | | F | Besighede het geen beheer oor die uitdagings wat uit hierdie omgewing ontstaan nie |
| | | G | Vind plaas wanneer ’n besigheid fokus op die wyse om ’n doelwit te bereik |
| | | H | Ken dieselfde hoeveelheid tyd toe aan elke kandidaat |
| | | I | Bevorder toeganklike en volhoubare plekke vir vervaardigers om hulle produkte te verkoop |
| | | J | Advertering van ’n vakature op die personeelkamer se kennisgewingsbord |

(5x1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord **ENIGE TWEE** vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem DRIE tipes defensiewe strategieë. (3)

2.2 Omskryf die regte van werkgewers in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SOLVE IT SOLUTIONS (SIS)**

Solve It Solutions spesialiseer in rekenaarsagtewareprogramme. Hulle koop hul komponente vanaf CHIP Internasionaal, wat 'n stadige afleweringskedule het. Die werknemers van SIS het nie die relevante vaardighede om nuwe sagtewaretegnologie te ontwerp nie. SIS moes geld leen vanaf Slim Bank teen die hoogste rentekoers om hul produkreeks uit te brei.

2.3.1 Haal DRIE uitdagings vir SIS aan vanuit die scenario hierbo. (3)

2.3.2 Klassifiseer SIS se uitdagings volgens die besigheidsomgewings. (3)

2.3.3 Stel die mate van beheer wat SIS oor elkeen van die besigheids-omgewings soos geklassifiseer in VRAAG 2.3.2 het.

Maak gebruik van die onderstaande tabel as riglyn om VRAAG 2.3.1–2.3.3 te beantwoord.

| UITDAGINGS 2.3.1 | BESIGHEIDS-OMGEWINGS 2.3.2 | MATE VAN BEHEER 2.3.3 |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |

(3)

2.4 Verduidelik die doel van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005). (6)

2.5 Identifiseer die pilaar van die Wet op Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) wat geïmplementeer is deur Lifestyle Bpk. in elkeen van die volgende stellings:

2.5.1 Lifestyle Bpk. ondersteun die gemeenskap deur opleidingsprogramme. (2)

2.5.2 Swart werknemers word uitgenooi om aandele in die maatskappy te koop. (2)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SKY HIGH ARGITEKTE (SHA)**

Sky High Argitekte verseker dat hul werknemers gelyke betaling ontvang vir werk van gelyke waarde. Hulle moedig hul junior ontwerper aan om deel te neem aan leerlingskapprogramme. SHA het ook die geleentheid aan alle werknemers aangebied om hul rekenaarvaardighede en kundigheid te verbeter.

2.6.1 Haal TWEE maniere vanuit die scenario hierbo aan waarop SHA voldoen aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998). (2)

2.6.2. Verduidelik die negatiewe impak van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) op besighede. (4)

2.7 Adviseer besighede oor die stappe vir strategie-evaluering. (6)

**[40]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Lys TWEE voorbeelde van byvoordele. (2)

3.2 Omskryf die gehalte-aanwysers van die bemarkingsfunksie. (4)

3.3 Verduidelik die voordele van induksie vir besighede. (6)

3.4 Bespreek die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbronaktiwiteit. (6)

3.5 Onderskei tussen *stukwerk* en *tydverwante* salarisbepalingsmetodes. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MULLER VERVAARDIGERS (MV)**

Muller Vervaardigers het besluit om die produksiemetode wat in hul kunsmatige-plantfabriek gebruik word te verander. Hulle het die verandering eers op 'n klein skaal toegepas om die resultate daarvan te toets. As gevolg van positiewe resultate, het hulle besluit om die verandering op 'n groter skaal toe te pas. MV evalueer ook die impak van totale kliëntetevredenheid as 'n element van totale gehaltebeheer op hul prosesse.

3.6.1 Identifiseer TWEE stappe van die BDKH-model toegepas deur MV. Motiveer jou antwoord deur aan te haal vanuit die scenario hierbo.

Maak gebruik van die tabel hieronder as riglyn om VRAAG 3.6.1 te beantwoord.

| STAPPE VAN DIE BDKH-MODEL | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.6.2 Verduidelik die impak van totale kliëntetevredenheid as 'n totale gehaltebestuurelement (TGB-element) op groot besighede. (6)

3.7 Stel maniere voor waar totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte vir besighede kan verminder. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Verskaf DRIE verbruikersregte in terme van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (3)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| LADUMA PROKUREURS (LP) |
|---|
| Frans is ’n nuut aangestelde drywer by Laduma Prokureurs en is verantwoordelik vir die vervoer van regsdokumente tussen die twee hoofkantore. Sy pligte en verantwoordelikhede, sowel as sy verlofvoorwaardes by LP, is duidelik uiteengesit in die indiensnemingskontrak wat hy geteken het. |

4.2.1 Identifiseer die wet wat van toepassing is op die scenario hierbo. Motiveer jou antwoord deur aan te haal vanuit die scenario hierbo. (3)

4.2.2 Omskryf die positiewe impak van die wet wat geïdentifiseer is in VRAAG 4.2.1. (4)

4.3 Verduidelik die voordele van intensiewe strategieë. (4)

4.4 Stel optredes voor wat as oortredings beskou word volgens die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes (WVBBS/COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997). (6)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Noem DRIE aspekte wat by ’n indiensnemingskontrak ingesluit moet wees. (3)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| RAJID RENOVATIONS (RR) |
|---|
| Rajid Renovations spesialiseer in die opknap van ouer geboue in Kaapstad. RR het twee nuwe argitekte aangestel en hulle geplaas daar waar hulle optimaal in die besigheid sal funksioneer. |

4.6.1 Identifiseer die menslikehulpbronaktiwiteit wat van toepassing is op RR. Motiveer jou antwoord deur aan te haal vanuit die scenario hierbo. (3)

4.6.2 Verduidelik die prosedure wat RR moet volg wanneer hulle die menslikehulpbronaktiwiteit soos geïdentifiseer in VRAAG 4.6.1 toepas. (4)

4.7 Bespreek hoe die aankoopfunksie kan bydra tot die sukses van die besigheid. (4)

4.8 Adviseer besighede oor die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien dit swak geïmplementeer word deur besighede. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (STRATEGIEË)

| |
|---|
| Die strategiese bestuursproses stel besighede in staat om toepaslike strategieë te implementeer om die uitdagings wat die besigheidsomgewings stel, te oorkom. Baie besighede verkies om hul produkte te diversifiseer om volhoubaar te bly in die mark. Ander pas die PESTWO-faktore toe om uitdagings in die makro-omgewing te identifiseer en maniere te vind om hierdie uitdagings aan te spreek. |

Skryf 'n opstel oor besigheidstrategieë waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Omskryf die proses van strategiese bestuur.
- Verduidelik DRIE tipes diversifikasiestrategieë.
- Bespreek hoe die volgende PESTWO-faktore uitdagings vir die besigheid stel:
  - Ekonomies
  - Sosiaal
- Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat deur die PESTWO-faktore hierbo genoem word kan aanspreek. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (TOTALE GEHALTEBESTUUR)

| |
|---|
| Suksesvolle besighede implementeer gehaltekonsepte soos gehaltebeheer en gehalteversekering om die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel te verkry. Die totalegehaltebestuurelemente (TGB-elemente) het 'n positiewe en negatiewe impak op die bedrywighede van groot besighede. Besighede moet ook die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering aan prosesse en stelsels verstaan. |

Skryf 'n opstel oor gehalte van prestasie waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Omskryf die verskille tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*.
- Verduidelik die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.
- Bespreek die impak van die volgende TGB-elemente op groot besigehde:
  - Deurlopende vaardigheidsontwikkeling / Onderwys en opleiding
  - Voldoende finansiering en kapasiteit
- Adviseer besighede oor die rol van gehaltesirkels as deel van die deurlopende verbetering aan prosesse en stelsels. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG

Einde van dokument